

DISSIPELSKAP. LES 46

1	GEBED
---	-------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor die maak van dissipels aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute) <i>[STILTETYE]</i> JOB 38, 39, 40 en 42
---	---

Maak beurte en deel (of lees) kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Job 38, 39, 40 en 42). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (20 minute) <i>[DISSIPELSKAP]</i> DISSIPELS MAAK. MATTEUS 28:18-20.
---	---

A. MEDITASIE (oor 'n Bybelgedeelte)

Lees Matteus 28:16-20. Die elf leerlinge het na Galilea gegaan, na die berg wat Jesus vir hulle genoem het, en toe hulle Hom sien het hulle Hom eer bewys, al het party nog getwyfel. Jesus het toe vir hulle gesê: 'Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.'

Skryf die memoriseringsvers soos volg op die bord. Skryf die teksverwysing ook aan die onderkant en agterkant van jou memoriseringskaartjie.

(5)	<table border="1"><tr><td>Dissipels maak Matteus 28:18-20</td></tr><tr><td>Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die Aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld." Matteus 28:18-20</td></tr></table>	Dissipels maak Matteus 28:18-20	Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die Aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld." Matteus 28:18-20	<table border="1"><tr><td>Matteus 28:18-20</td></tr></table>	Matteus 28:18-20
Dissipels maak Matteus 28:18-20					
Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die Aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld." Matteus 28:18-20					
Matteus 28:18-20					

1. Die groot aanspraak (Matteus 28:18).

Jesus Christus het 'n baie groot aanspraak gemaak, naamlik, dat God die Vader aan Hom alle mag en gesag gegee het, nie net in die hemel nie, maar ook op die aarde, maw. ook waar jy woon.

(1) Die gesag van Jesus Christus is al deur die profete geprofeteer vóór sy eerste koms.

Matteüs 28:18 is 'n vervulling van Ou-Testamentiese profesieë. In Jesaja 9:5-6 sê die profeet, "Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevoers. Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal dié koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd."

In Daniël 7:13-14 sê die profeet, "My nagtelike visioen het voortgeduur: daar het in die wolke iemand aangekom, iemand soos 'n menslike wese. Hy het na Hom toe gegaan wat ewig lewe en is voor Hom gebring. Aan dié menslike wese is die heerskappy en eer en koningskap gegee sodat al die volke, nasies en taalgroepe hom sou dien. Sy heerskappy is 'n ewige heerskappy, dit sal nie tot niet gaan nie; sy koningskap sal nie ophou nie."

Dit is ook 'n vervulling van die Nuwe-Testamentiese profesie in Matteus 16:28, "Dit verseker Ek julle: Daar is party van dié wat hier staan wat beslis nie sal sterwe voordat hulle die Seun van die mens in sy koninkryk sien kom het nie."

(2) Die gesag van Jesus Christus vóór en ná sy dood en opstanding.

Vergelyk handleiding 3, les 30, vraag 1: (Matteus 28:18) “Was daar ’n tyd dat Jesus Christus nie alle mag en gesag gehad het nie?”

Vóór sy dood en opstanding het Jesus Christus hierdie groot gesag gehad. God die Vader het alles aan Jesus Christus toevertrou (Matteus 11:27). Hy het siekes genees, duiwelbesetenes bevry en die verlamdes laat loop (Matteus 4:24). Nietemin het Hy hierdie dinge gedoen op ’n ingetoë/beskeie manier, omdat Hy nog moes sterf en opstaan uit die dood. Hy het ’n melaatse man en ’n blinde man wat Hy genees het, beveel om nie bekend te maak hoe hulle genees is nie (Matteus 8:4; Matteus 9:30). Hy het geweier om gekroon te word tot ’n aardse koning (Johannes 6:14-15). Hy het afgesien daarvan om gebruik te maak van sy almag en soewereine gesag om onmiddellik twaalf legioene engele op te roep om Hom te beskerm (Matteus 26:53). Hy het dooies opgewek (Lukas 11:7-14; Lukas 8:49-56; Johannes 11:37-44), maar het toegelaat dat sy vyande hom met vuiste, stokke en ’n sweep slaan, op Hom spuug en Hom kruisig (Matteus 26:67; Matteus 27:1-2,26-31).¹

Voor sy dood en opstanding het Jesus nie van sy almag en soewereine gesag gebruik gemaak nie, omdat Hy Hom ontledig het; Hy het doelbewus afstand gedoen van die gelyke posisie aan God wat Hy daarvoor gehad het (Filippense 2:6-8).

Maar ná sy dood en opstanding, hemelvaart en troonsbestyging in die hemel, het Hy begin om sy almag en soewereine gesag in die hemel en op die aarde uit te oefen! Hy het wonderwerke deur sy apostels gedoen en het hulle moedig en vrymoedig gemaak om die evangelie oral in die wêreld te verkondig. Deur die verkondiging van die evangelie het Hy ’n ontelbaar aantal mense uit die mag van die duiwel teruggeroef en het hulle oorgebring in sy Koninkryk (Matteus 12:29-30; Lukas 10:17-19; Johannes 12:31-32; Kolossense 1:13; Openbaring 12:10-12; Openbaring 20:3). Niemand en niks kan Hom keer voordat elke knie voor Hom buig en elke tong bely dat Hy waarlik die Here is nie (Filippense 2:9-11; vergelyk Jesaja 45:23).

(3) Die gesag van Jesus Christus as sy beloning.

Jesus Christus het onbeperkte gesag en mag as beloning ontvang vir sy volbragte verlossingswerk (Efesiërs 1:19-23; Filippense 2:9-11; Openbaring 5:5). Van sy eerste koms af is die wêreld deur Jesus Christus oorwin en bly die wêreld in die staat van oorwinning (Johannes 16:33)². In die visioen van Johannes het Jesus Christus ’n kroon gedra en trek Hy op as ’n oorwinnaar en om te oorwin (NIV bent on conquest) (ANV die oorwinning tegemoet)(Openbaring 6:2). Die apostels van Jesus Christus en almal wat hulle volg moet mense oproep om Jesus Christus op elke terrein van hulle lewens te erken as “Koning van die konings en Here van die heersers” (Openbaring 17:14; Openbaring 19:16).

2. Die groot opdrag (Matteus 28:19).

Die groot gesag van Jesus Christus maak sy groot opdrag uitvoerbaar! “Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het” (Matteus 28:19)³.

(1) Neem die inisiatief.

Die dissipels moes nie wag totdat mense na hulle toe kom nie. Hulle moes die inisiatief neem en na die volke toe gaan. Hulle moes gaan na hulle bure, na ander dorpe en stede en na ander lande. Van die begin van die openbaring van God in die Bybel het God al die doel gehad om mense uit elke familie, land, taal en kultuur in die wêreld in sy volk in te sluit (Genesis 12:3).

Van die begin af het God die verlore mense in die wêreld lief (Johannes 3:16). Die verlore mense in die wêreld bestaan uit mense wat van God vervreemd geraak het, oorlaai is met sonde, onderhewig aan God se regverdige oordeel en wat God se verlossing baie nodig het. God het hierdie mense sonder onderskeid van ras, nasionaliteit, taal of kultuur lief (Johannes 3:16).

Die verlore mense tot wie God sy liefde rig is tegelyk die mense wat Hy uitverkies het (Romeine 8:29-34; Romeine 9:11-12; Romeine 11:5; Efesiërs 1:4; 2 Tessalonisense 2:13-14; 2 Timoteus 1:9-10; 2 Timotes 2:19; 1 Petrus 1:1-2; Openbaring 17:14).

Nadat Jesus Christus God se eis van volmaakte geregtigheid vir verlossing deur sy dood en opstanding vervul het, het God bepaal dat die boodskap van verlossing deur Jesus Christus vanaf Jerusalem oor die hele wêreld versprei moes

¹ Ander godsdienste in die wêreld verheerlik hul “profeet” of “stigter” deur van hom ’n held te maak, ’n buitengewone persoonlikheid wat nooit ly nie! Maar Jesus Christus is “die Man van smarte, bekend met lyding”. “Hy het nie die skoonheid of prag gehad dat ons na hom sou kyk nie. nie die voorkoms dat ons van hom sou hou nie. Hy was verag en deur die mense verstoot, ’n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai” (Jesaja 53:2-3). Toe die goerneur Hom voorstel het hy gesê, “Dit is die Mens!” (Latyn: Ecco homo!)(Johannes 19:5). En toe het die mense geskreu, “Kruisig Hom!”

² Grieks: νενικηκα (voltooid teenwoordige tyd)

³ Greek: πορευθεντες (participle, aorist) ουν μαθητευσατε (bevel, aoristus, aktief) παντα τα εθνη, βαπτιζοντες (deelwoord, onvoltooid teenwoordige tyd, aktief) αυτους εις το ονομα του πατρος και του υιου και του αγιου πνευματος, διδασκοντες (deelwoord, onvoltooid teenwoordige tyd, aktief) αυτους τηρειν

word (Handelingen 1:8; let op Jesaja 2:1-4). Aan die begin was die apostels van Jesus Christus die boodskappers en daarna ook alle Christene wat dissipels van Jesus Christus geword het.

(2) Maak mense uit alle volke tot dissipels van Jesus Christus.

Die werkwoord “maak dissipels” is ’n bevel wat Jesus Christus eens en vir altyd aan sy dissipels gegee het. Dit is die hoofwerkwoord in Matteus 28:18-19. Die ander werkwoorde, “doop” en “leer hulle” is deelwoorde wat afhanklik is van die hoofwerkwoord in die groot opdrag. Hulle moet ook as bevel gesien word. Niemand word “as Christen gebore” nie; elke mens moet “tot ’n Christen weergebore word” (Johannes 3:7) deur die Heilige Gees tesame met die verkondiging van die evangelie (2 Tessalonisense 2:13-14). En elke weergebore Christen moet tot “’n dissipel” van Jesus Christus gemaak word. Dit gebeur deur die doop met water en deur die Christen voortdurend te leer om die geboorte van Jesus Christus te onderhou. ’n Dissipel is ’n volgeling van Jesus Christus wat van Hom leer terwyl hy Hom volg en hy ontwikkel die spesifieke kenmerke van ’n dissipel wat Jesus duidelik in die Evangelies geleer het (vergelyk handleiding 2, les 23). ’n Dissipel is dus ’n volwasse, funksionerende en volhardende Christen! Die groot opdrag is om soveel as moontlik mense in die verskillende volke van die wêreld dissipels van Jesus Christus te maak.

(3) Doop hulle in die naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees.

Die bevel om ’n dissipel met water te doop.

Wanneer mense opreg in Jesus Christus glo (d.w.s. Hom in hulle harte en lewens aangeneem het) bewys hulle dat hulle gedoopt is *met*⁴ die Heilige Gees (d.w.s. deur die Heilige Gees weergebore is)(Handelinge 11:14-18; Handelinge 15:7-9). Die geloof in hulle hart en die belydenis met hulle mond (Romeine 10:9-10) toon aan dat hulle deur die doop *met*⁵ die Heilige Gees tot die een Liggaam van Jesus Christus gedoopt is (d.w.s. dat hulle lede van die een wêreldwye Gemeente of Kerk geword het) (1 Korintiërs 12:12-13).

Die betekenis van die doop met water.

Die christelike doop met water is ’n sigbaar teken en seël (vergelyk Romeine 4:11) van die onsigbare werklikheid, naamlik, die doop met die Heilige Gees (Handelinge 10:47-48). Die christelike doop met water is die sigbare teken en seël dat Jesus Christus die Verteenwoordiger van die nuwe gelowige by God in die hemel geword het (Romeine 5:17-19; Hebreërs 9:24) en dat die nuwe gelowige van begin tot einde deel het aan die verlossingswerk van Jesus Christus m.b.t. die verlede, die hede en die toekoms. Die doop met die Gees bring drie dinge tot stand en die drie dinge word in die doop met water gesimboliseer:

- In die verlede is die volgende tot stand gebring: die gelowige het by sy doop met die Gees (d.w.s. by sy wedergeboorte, bekering en geloof) met Christus gesterwe en opgestaan (Romeine 6:3-5; Efesiërs 2:4-7) en het van toe af aan in ’n geregtelike sin deel aan die geregtigheid en heiligheid van Jesus Christus (1 Korintiërs 1:30)! Hy het van dan af aan ’n geestelike posisie (staat) “in Christus”, naamlik: geregverdig (volkome vergewe)(Romeine 5:1) en geheilig (volledig afgesonderd van die wêreld en volkome toegewy aan Christus)(Romeine 1:7). Van dan af is die gelowige onder God se genade en liefde (Romeine 6:14; Romeine 8:35,39).
- In die hede het die volgende al ’n werklikheid geword: deur die wedergeboorte aan die begin het die gelowige ’n nuwe geestelike natuur ontvang (Titus 3:5-7) en *wil, kan* en *sal* hy voortaan regverdig en heilig lewe (Romeine 6:1-8). Hy is ’n dissipel van Jesus Christus (Matteus 28:19), ’n lid van die een Liggaam van Christus (die wêreldwye⁶ Gemeente of Kerk) (1 Korintiërs 12:13) en ’n lid van die verbondsvolk van God (Galasiërs 3:26-29).
- In die toekoms word die volgende verwag: die gelowige sal in die toekoms deel hê aan die opstanding van die liggaam (Filippense 3:20-21) en in liggaam en gees aan die menslike natuur van Jesus Christus gelykvormig wees (1 Johannes 3:1-3; Filippense 3:20-21). Hy sal nooit veroordeel (verdoem) word nie (Romeine 8:1), omdat hy deel het aan die ewige lewe (Johannes 3:16; Johannes 5:24).

Die christelike doop met water is:

- die sigbare teken en seël van die doop met die Heilige Gees (jou wedergeboorte, jou opnuut van bo gebore word) (Handelinge 10:47-48)
- die sigbare teken en seël van jou bekering (die verandering van jou denke, lewensrigting en gedrag; die hevorming van jou lewe) (Handelinge 3:19)
- die sigbare teken en seël van jou vergifnis (Handelinge 2:38), die uitwissing (Handelinge 3:19) of die afwassing (Handelinge 22:16) van al jou sondes, d.w.s. van jou volkome regverdiging in God se oë deur jou geloof (Romeine 5:1)
- die sigbare teken en seël van jou vereniging met die één God wat Hom in drie bestaanswyses geopenbaar het (Matteus 28:19; Handelinge 2:38)
- en dus die sigbare teken en seël van jou deelhê aan Jesus Christus en dit wat Hy in die verlede deur sy dood en opstanding tot stand gebring het, in die hede deur sy heerskappy in die hemel tot stand bring en in die toekoms by sy wederkoms tot stand sal bring (Romeine 6:1-8; Efesiërs 2:5-6). Dit sluit jou deelname aan die maak van dissipels in alle volke van die wêreld in (Matteus 28:19).

⁴ Grieks Handelinge 11:16: Ἰωάννης μὲν βαπτίσεν ὑδᾶτι, ὑμεῖς δὲ βαπτισθήσεσθε ἐν πνεύματι ἁγίῳ
tweemaal datief naamval = hier aanduiding van die instrument waardeur

⁵ Grieks 1 Korintiërs 12:13: καὶ γὰρ ἐν ἐνὶ πνεύματι ἡμεῖς πάντες εἰς ἐν σῶμα βαπτισθῆμεν, ... καὶ πάντες ἐν πνεύμα ἐποτισθῆμεν
datief naamval = hier aanduiding van die instrument waardeur

⁶ Grieks : καθολικός, “katoliek”, beteken: “algemeen, wêreldwyd”, nie Rooms Katoliek (die kerkgenootskap) nie.

Die metode van die doop met water.

Die sigbare simbool van jou doop met⁷ die Heilige Gees is jou doop met⁸ water (Markus 1:8). Johannes die Doper het die mense met water in⁹ die Jordaan Rivier gedoop (Markus 1:5).

Filippus het die Etiopiër op 'n plek waar daar “'n bietjie” water¹⁰ was gedoop (Handelinge 8:36). Beide het afgeklim in¹¹ die water en beide het opgekom uit¹² die water nadat Filippus die Etiopiër gedoop het. Dit verwys nie na doop deur “onderdompeling” in die water nie, omdat beide dan onder die water gedompel sou moes gewees het, die doop onder die oppervlakte van die water moes plaasgevind het en hulle beide weer van onder die oppervlakte van die water te voorskyn sou moes kom. Wat gebeur het was dat hulle beide van die pad afgedaal het na 'n plek waar daar 'n bietjie water was. Beide het in die water gestaan terwyl Filippus die Etiopiër gedoop het, waarskynlik deur water op en oor hom te gooi (soos in Handelinge 22:16 en in talle argeologiese tekeninge). Daarna het hulle weer opgeklim na die pad (Handelinge 8:38-39, vers 37 is 'n later toevoeging aan die oorspronklike Griekse tekst)¹³. Geen enkele gedeelte in die Bybel verwys na doop met water deur onderdompeling nie!¹⁴

Ananias het Paulus in 'n huis gedoop (Handelinge 9:17-18). Paulus het gestaan terwyl Ananias water op en oor hom heen gegooi het net soos mense in dié tyd 'n bad geneem het. En Paulus het die naam van die Here aangeroep. So word sy sondes afgewas (Handelinge 22:16). Die doop met water was 'n sigbare simbool van die doop met die Gees, wat ook van bo-af op en oor die gelowige uitgegiet of uitgestort is (Handelinge 2:3,17,33; Handelinge 10:44-45; Handelinge 11:15-16; Titus 3:5-7)!

Terwyl die Bybel duidelik die betekenis van die doop met die Gees en die doop met water leer, skryf die Bybel geen enkele metode vir die doop met water voor nie!

(4) Leer hulle alles wat Jesus gebied het om te onderhou.

Nadat die gelowige met water gedoop is, word hy verder geleer om die onderrig en die gebooi van Jesus Christus te gehoorsaam. Gelowiges moet leer om hulle geloof in Jesus Christus in die praktyk toe te pas (Matteus 7:24-27). Daarom behoort alle nuwe Christene onderwys (Grieks: *katécheó*, kategese) of opleiding in dissipelskap te ontvang!

3. Die groot belofte (Matteus 28:20).

Die groot belofte van Jesus Christus maak sy opdrag 'n werklikheid. Dit is 'n feit dat Jesus Christus elke dag by die gelowige aanwesig is en sal wees tot by sy wederkoms. Die woorde: “en onthou” kan beteken: “en weet verseker” (NLV). Die groot opdrag is nie 'n maklike taak nie. Sonder die teenwoordigheid van Jesus Christus met sy almag en soewereine gesag sou hierdie opdrag onmoontlik wees om uit te voer. Maar nou is dit nie net moontlik en uitvoerbaar nie, maar 'n werklikheid wat die gehoorsame gelowige mag ervaar.

B. MEMORISERIND EN HERHALING

1. Skryf.

Skryf die Bybelvers op 'n kaartjie of op 'n bladsy van 'n notaboekie.

2. Leer.

Leer die Bybelvers op die korrekte manier uit jou kop. (5) Dissipels maak. Matteus 28:18-20.

3. Repeteer.

Luister twee-twee na die laaste gememoriseerde Bybelvers.

4	BYBELSTUDIE (70 minute) <i>[LEWE IN DIE WÊRELD]</i> (5) DIE VRUG VAN DIE GEES IN DIE WÊRELD. GALASIËRS 5:13-26
---	---

Maak gebruik van die vyf stappe metode en doen saam Bybelstudie uit Galasiërs 5:13-26.

STAP 1. LEES.

GOD SE WOORD

Lees. Ons gaan Galasiërs 5:13-26 saam met mekaar bestudeer.

Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.

STAP 2. ONTDEK.

WAARNEMINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK?

⁷ Grieks Markus 1:8b: *εν πνευματι*, datief naamval = hier aanduiding van instrument waardeur

⁸ Grieks Markus 1:8a: *υδατι*, datief naamval = hier aanduiding van instrument waardeur

⁹ Grieks Markus 1:5: *εν ποταμω*, datief naamval = hier aanduiding van plek waar

¹⁰ Grieks: *τι υδωρ* (Griekse woordeboek)

¹¹ Grieks Handelinge 8:38: *κατεβησαν αμφοτεροι εις το υδωρ*, akusatief naamval = hier aanduiding van plek waarheen

¹² Grieks Handelinge 8:39: *ανεβησαν εκ του υδατος*, genitief naamval = hier aanduiding van plek waarvandaan

¹³ Nestle-Aland. Novum Testamentum Graece

¹⁴ Natuurlik mag daar wel met water gedoop word deur onderdompeling omdat die Bybel dit nie verbied nie. Die Bybel gee geen voorskrif oor hoe daar met water gedoop moet word nie: deur besprenkeling, deur begieting of deur onderdompeling.

Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART?

Skryf neer. Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudienotaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte neem om te vertel wat hulle ontdek het.

Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings as hierdie maak.

Ontdekking 1. Die openbaring van die sondige natuur.

Die sondige natuur openbaar hom in *liggaamlike sondes* soos seksuele immoraliteit en uitspattighede, in *geestelike sondes* soos afgodery en okultisme, en in *sosiale sondes* soos selfsugtige ambisies en stryery.

Ontdekking 2. Die openbaring van die Heilige Gees wat in die Christen woon.

Die inwonende Heilige Gees openbaar Hom in die vrug van die Gees. 'n Ware Christen het die Heilige Gees, word deur die Gees beheer en gelei en dra die vrug van die Gees. Die Heilige Gees is die beheerende invloed in sy lewe en die Christen werk vrywillig en dankbaar saam met die Gees. Alleen so kan 'n Christen die manifestasies van sy sondige natuur (AOV: die werke van die vlees) oorwin. Die vrug van die Gees manifesteer in die fundamentele geestelike kenmerke soos liefde, vreugde en vrede; in geestelike kenmerke in verhoudings soos geduld, vriendelikheid en goedheid; en in geloof in God, sagmoedigheid teenoor mense en beheersing van jouself.

STAP 3. VRAAG.

UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG UIT HIERDIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer so veel as moontlik waarhede in Galasiërs 5:13-26 te begryp en vrae stel oor wat ons nog nie begryp nie.

Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek neer.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle in die kring beurte neem om hulle vraag te lees.

Bespreek. Bespreek so veel as moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

5:13-15

Vraag 1. Wat is die aard van ware vryheid?

Aantekeninge.

(1) Die ware vryheid beteken nie dat Christene vry is om te doen net wat hulle wil nie.

Baie mense in die wêreld glo in die volledige vryheid van die menslike wil. Hulle glo dat vryheid beteken dat 'n mens vry is om te besluit of te kies wat hy maar wil en vry is om te doen, en te sê en te wees wat hy ook wil. Maar dergelyke vryheid volg die natuurlike neigings van die mens, veral die sondige natuurlike neigings.

(2) Die ware vryheid beteken dat Christene vry gemaak is om te doen wat hulle behoort te doen.

Volgens die Bybel is ware vryheid om te doen en wees wat God bedoel wat 'n mens moet doen en wees! Ware vryheid is om te lewe en jou te gedra soos Jesus Christus ons geleer het. Ware vryheid is gebondenheid aan Jesus Christus en dus die vermoë om volgens sy wil te handel en so te wees as wat Hy wil hê. In Johannes 8:31-36 sê Jesus, "As julle aan my woorde getrou bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak ... Dit verseker ek julle: Elkeen wat sonde doen, is 'n slaaf van die sonde is ... Eers as die Seun julle vry maak, sal julle werklik vry wees."

God het die mens geskep *sonder die moontlikheid* om volledig vry en onafhanklik van almal en alles te wees! Elke mens is gebonde aan iemand of iets. Alle mense wat vry van Jesus Christus wil wees, is gebind deur die mag van die inwonende sonde en in werklikheid 'n slaaf van die sonde! Slawe is nie vry om hulle aan God se wet of Woord te onderwerp nie.

- Hulle onderwerp hulle nie aan God se wet of Woord nie (hulle doen dit nie)
- Hulle kan hulle nie aan die wet of Woord onderwerp nie (hulle kan dit ook nie doen nie)(Romeine 8:7-8).

Hulle glo dat hulle vry is om te doen net wat hulle maar wil, maar in werklikheid is hulle nie heeltemal vry nie. Hulle gee hulle oor aan hulle sondige neigings!

En alle mense wat aan Jesus Christus verbonde is, is inderdaad werklik vry van die skuld, skande en mag van die sonde!

Hulle is veel meer as slawe van Christus! Hulle is kinders van God, seuns en dogters in God se familie in geestelike sin.

(3) Die ware vryheid beteken dat Christene vry gemaak is om mekaar in liefde te dien.

Die belangrikste gebod in die Bybel is, "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag" en "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Markus 12:29-31). "In hierdie twee gebooe is die hele wet en die profete (die Bybel) saamgevat" (Matteus 22:37-40). As die ware vryheid is om te doen

wat jy behoort te doen, dan bestaan die ware vryheid uit die liefhê van God, jou medemens en jouself. Die aard van die christelike liefde is dat jy nie jou eie belang soek nie (1 Korintiërs 13:5), maar die ander dien.

5:16

Vraag 2. Wat is twee belangrike verantwoordelikhede van die wedergebore Christen?

Aantekeninge.

Elke Christen het die verantwoordelikheid om in afhanklikheid van die Heilige Gees te leef. Dit beteken dieselfde as om Jesus Christus tot Koning en Here te hê.

Elke Christen het ook die verantwoordelikheid om nie toe te gee aan die sondige begeertes nie, maar hierdie begeertes dood te maak (Romeine 8:13). Dit bring mee dat 'n Christen voortdurend in 'n geestelike stryd gewikkel is.

5:17

Vraag 3. Waarom ervaar 'n wedergebore Christen so 'n innerlike stryd?

Aantekeninge.

(1) Die verskil tussen 'n vrydenker, 'n wettiese persoon en 'n gelowige Christen.

Die vrydenker volg sy natuurlike neigings en ervaar geen stryd in sy gewete as hy sondig nie. Hy dink nie eers daaraan om oorwinning oor sonde te behaal nie.

Die wettiese mens is deurentyd godsdienstig, maar hy is nie gewillig om God se genade te aanvaar nie. Hy stry liever in sy eie krag om die wet te hou en nie te sondig nie. Maar hy het geen begrip van oorwinning nie en behaal ook geen oorwinning oor sonde nie.

Die gelowige Christen ervaar konflik tussen die nuwe en ou natuur in homself, maar het nietemin 'n vaste oortuiging

- dat God hom al regverdig *verklaar* het hom as regverdige *beskou en behandel*
- dat hy regverdig (heilig) *wil, kan en veelal sal* lewe
- en dat hy daarom uiteindelik oor alle sonde sal triomfeer.

(2) Die geestelike konflik in elke Christen.

Solank as die Heilige Gees nie God se morele en geestelike gebooie verstaanbaar en betekenisvol maak nie, sal 'n mens hom nie bekommer oor die sonde wat hy doen nie. Hy sal lieg, steel, oneerlik wees en selfs doodmaak sonder dat hy te skuldig daarvoor voel (Romeine 2:14-15). Of hy sal selfgerig, selfsugtig, eiegeregtig en onafhanklik van God leef sonder om skuldig te voel of hom te skaam.

Maar as 'n mens weergebore is, woon die Heilige Gees in hom. As hy 'n sonde begaan, sal hy skuldig voel en hom skaam. Die konflik tussen sy ou natuur en die Heilige Gees in hom sal regtig 'n groot stryd wees. Die konflik in sy binne is 'n teken dat hy werklik 'n weergebore Christen is en dat God besig is om in hom te werk!

(3) Die aard van die geestelike konflik.

Die geestelike konflik bestaan uit

- die besef dat jy soms die goeie wat jy wil, nie doen nie
- en dat jy soms die slegte wat jy nie wil doen nie, wél doen (Romeine 7:19).
- Jy verbly jou in God se morele en geestelike waarhede en gebooie
- en haat terselfdertyd die kwade wat nog in jou leef (Romeine 7:15,20).

Die ou natuur maak jou 'n slaaf van die sonde. Jy kan nie uit jouself loskom van die sondige natuur in jou nie (Romeine 7:23).

Die feit dat jy 'n geestelike stryd in jou ervaar, is 'n bewys dat die Heilige Gees in jou werk! Die geestelike stryd is nie noodsaaklik nie, maar wel onvermydelik.

5:18

Vraag 4. Wat beteken dit dat 'n Christen nie langer "onder die wet" is nie?

Aantekeninge.

(1) Die wet is God se regverdige vereiste

Die woord: "wet" het 'n hele aantal betekenis in die Bybel. Die mees fundamentele betekenis is: Die wet van God is die regseis van die regverdige en heilige God dat alle mense volmaak moet leef en dat alle oortredings van God se wet gestraf moet word. Hierdie wet word saamgevat in die gebooie van die morele wet (en de seremoniële wet). Omdat God heeltmal (volmaak) heilig en regverdig is, eis Hy dat alle mense "die wet" soos dit saamgevat is in alle gebooie van die morele wet (en die seremoniële wet) 100% moet gehoorsaam en dat elke oortreding van sy gebooie gestraf moet word! As God nie volmaakte gehoorsaamheid sou eis nie of ook nie oortredings sou straf nie, sou Hy nie langer die heilige en regverdige God wees nie!

(2) Alle natuurlike mense is wetlik "onder die wet van God".

Die Bybel sê, "Die Bybel sê: "Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie," Geen mens is verstandig, daar is geen mens wat God soek nie. Almal het afgedwaal, almal het ontaard. Daar is nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie." Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie" (Romeine 3:10-12,23)! Dit is duidelik dat niemand in die menslike geskiedenis sondeloos is nie, behalwe Jesus Christus (d.w.s. God in sy menslike natuur) (Johannes 1:1,14) (Johannes 8:46; Hebreëë 4:15). Daarom is alle natuurlike mense wetlik "onder God se wet"!

(3) Nie-Christene is wetlik "onder die wet van God".

Die Bybel sê, "Maar almal wat staat maak op die onderhouding van die wet, val onder die vloek, want daar staan geskrywe: "Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie"" (Galasiërs 3:10). God vereis niks minder as 100% volmaaktheid nie! Die Bybel sê: "As iemand die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, is hy skuldig ten opsigte van al die gebooe" (Jakobus 2:10). 'n Oortreder is skuldig, nie maar net omdat hy één gebod oortree het nie, maar omdat hy teen die Wetgewer, God self, gesondig het!

Mense in baie godsdienste van die wêreld glo nie wat Galasiërs 3:10 en Jakobus 2:10 sê nie. Hulle glo nie dat God *absolute volmaaktheid* vereis nie. Hulle glo dat God 'n weegskaal in die hemel het waarop die goeie en slegte dae van mense teen mekaar opgeweeg sal word. Solank hulle goeie werke méér is as die slegte dae, sal God hulle vergewe (regverdig) en 'n plek in die Paradys gee.¹⁵ Daarom is hulle ywerig om "godsdienstige dae" te doen soos: 'n paar maal per dag te bid, weekliks na die preke van hulle geestelike leiers te luister, die vasdae te hou, pelgrimsreise te onderneem na Jerusalem of ander heilige plekke, geld te gee, godsdienstige klere te dra, net seremonieel rein voedsel te eet, ens. Hulle hoop vurig dat God hulle sal vergewe op die laaste oordeelsdag, maar hulle is nooit seker daarvan nie!

Die Bybel sê duidelik dat al dergelike pogings heeltemal tevergeefs is! Geen mens sal voor God geregverdig (vergewe) word deur die onderhouding van die wet nie (Galasiërs 2:16), omdat daar geen mens is wat die wet volmaak hou of kán hou nie (Romeine 8:7-8)! Dit is duidelik dat niemand deur die wet voor God geregverdig word nie (Galaten 3:11)! Alle godsdienstige mense (nie-Christene) is wetlik "onder die wet van God en staan dus ook "onder die vloek van God"!

(4) Christene is wetlik nie langer "onder die wet nie."

Die blye boodskap in die Bybel is dat God se eis van volmaakte, 100%, geregtigheid deur sy liefde vervul word! Die God van die Bybel is nie net 100% heilig en regverdig nie, maar ook 100% liefde! Deurdadig Jesus Christus die menslike natuur aangeneem het, volmaak sondeloos geleef het (Hebreëërs 4:15) en die straf vir die sonde op Homself te neem, het Hy sy eis vir geregtigheid bevredig en het Hy dit moontlik gemaak vir sondaars om ook geregverdig te word. Hy het die sonde van die mens 2000 jaar gelede op Homself geneem en gee nou sy volmaakte geregtigheid vir die mens wat in Hom glo (2 Korintiërs 5:21; vergelyk Markus 10:45; Johannes 10:11).

"Daarom, broers, moet julle goed weet dat wat aan julle verkondig word, die vergewing van sondes deur Hóm is, en dat elkeen wat glo, deur Hom vrygespreek word van alle sondes. Die wet van Moses kon julle nie vryspreek nie" Handeling 13:38-39). Die wet kan 'n mens nie regverdig maak nie of red nie. Die natuurlike mens kan homself nie red nie, maar Jesus Christus kan dit wel doen! Mense wat in Jesus Christus glo besef dat hulle nooit geregverdig (vergewe) kan word deur te probeer om die wet van God te hou nie. Hulle besef dat hulle één Verlosser nodig het wat in hulle plek al die gebooe van God volmaak gehou het en wat in hulle plek die straf vir alle oortredings van die wet gedra het. Jesus Christus alléén is hierdie Verlosser wat die wet in die bogenoemde betekenis vervul het (Matteus 5:17). "Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word. Daar staan naamlik geskrywe: "Vervloek is elkeen wat aan 'n hout opgehang is"" (Galasiërs 3:13). "Hy bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie" (Handeling 4:12).

Ons ou bestaan is saam met Jesus Christus gekruisig omdat "daar 'n einde moes kom aan ons sondige lewe: ons mag nie langer slawe van die sonde wees nie" (Romeine 6:6)! Hy red gelowiges van 'n lewe wat die hele tyd deur sonde in 'n nederlaag gestort word (1 Korintiërs 10:13)!

Mense wat in Jesus Christus glo, probeer nie langer om geregverdig te word deur die wet te hou nie. Hulle glo

- dat Jesus Christus in hulle plek 'n volmaak sondelose lewe op aarde geleef het
- in hulle plek 'n volmaakte soenoffer vir hulle sondes aan die kruis gebring het
- en in hulle plek uit die dood opgestaan het as 'n waarborg dat ook hulle eenmaal uit die dood sal opstaan en vir ewig nie sal sterf nie!

Voordat Christene tot geloof in Jesus Christus gekom het, was hulle ook nog wetlik "onder die wet". Maar nadat hulle tot geloof in Jesus Christus gekom het, is hulle nie langer wetlik "onder die wet" nie. Jesus Christus het die wet in hulle plek vervul (Matteus 5:17). Die wet as regseis van God vind sy einddoel in Christus, sodat elkeen wat glo regverdig verklaar sal word (Romeine 10:4). Omdat Jesus Christus die wet as regseis van God al in hulle plek volmaak vervul het, probeer Christene nie langer om geregverdig (vergewe) te word deur die morele wet te hou nie. Die wet as Gods regverdige vereiste maak dat mense alleen maar besef dat hulle geestelik onmagtig is. Hulle ervaar nederlae en gebondenheid wat uiteindelik lei tot vervloeking deur God. Die wet as regseis van God lei tot geestelike onvermoë,

¹⁵ Of hulle in 'n hoër inkarnasie terugbring na hierdie wêreld of hulle uiteindelik heeltemal oplos in Nirvana.

neerlaag, gebondenheid en tot vervloeking. Maar as 'n gelowige deur die Gees gelei word, is hy nie langer onderworpe aan die wet as regseis van God nie. Die wet is nie langer die heerser of beherende mag in die lewe van 'n Christen nie, maar die Heilige Gees is die Heerser en Beherende mag in hulle lewe (Galasiërs 5:18).

(5) Niettemin gehoorsaam Christene nog steeds die morele wet.

Die feit dat Christene nie gereverdig (vergewe, gered) word deur die hou van die wet nie, beteken nie dat Christene die morele wet van God verontagsaam nie. Wedergebore Christene gehoorsaam die morele wette van God (die Tien Gebooe)(Markus 12:29-31; Romeine 13:8-10; Galasiërs 5:14). Die wet is nie langer die middel waardeur hulle gereverdig (vergewe, gered) word nie, maar wel die riglyn (kompas, kaart, lig) hoe 'n gereverdigde (verloste, vergeefde, behoue) Christen behoort en kan lewe!

5:19-21

Vraag 5. Wat is duidelike aanwysings dat jou sondige natuur jou nog steeds beheer?

Aantekeninge. Die volgende is manifestasies van die sondige natuur wat nie deur die Heilige Gees beheer word nie.

(1) Verskillende vorme van ondeug m.b.t. seks.

Seksuele immoraliteit. Die Griekse woord "porneia" beteken: alle gedagtes, woorde en daad/handeling m.b.t. seks voor en buite 'n wettige huwelik. Dit verwys veral na onwettige seksuele verhoudings soos hoerery (1 Korintiërs 5:1; 1 Korintiërs 6:13,18; 1 Korintiërs 7:2). In die heidendom is seksuele immoraliteit baie nou verwant aan geestelike immoraliteit as afgodery (Kolossense 3:5).

Sedeloosheid. Die Griekse woord "akatharsia" beteken: alle gedagtes, woorde en daad/handeling m.b.t. onnatuurlike seks soos pornografie, seksuele fantasieë, vuil/vulgêre grappe, flankoerdery en liefkosery/vryery (1 Tessalonisense 4:7).

Losbandigheid. Die Griekse woord "aselgeia" beteken ongebonde sensualiteit, onweloweglikheid en wellustigheid. Dit sluit die volgende seksuele ondeugde en oordadigheid in: prostitusie, homoseksualiteit, lesbiese gedrag, bloedskande, sodomie, en bestialiteit (Levitikus 18:6,20,22,23; Levitikus 20:10,13,15,17; Efesiërs 4:19; 2 Petrus 2:7)

(2) Verskillende vorme van ondeug m.b.t. valse gode.

Afgodery. Die Griekse woord "aidololatria" beteken die aanbidding van beelde en sluit die euwels in wat daarmee verband hou soos die eet van afgodsoffers as die gewete dit verbied, tempelprostitusie en onsedelike en naakte danse. Afgodery is die vervanging van die God van die Bybel met enige iemand en enigiets anders. Aanbidding van enige "god" wat die ander godsdienste versin, is in werklikheid "afgodery". Ateïsme is die aanbidding van jouself as "god" en is ook "afgodery".

Towery. Die Griekse woord "farmakeia" beteken magiese praktyke en heksery waarin mysterieuse kragte toegeken word aan bepaalde artikels wat aan die liggaam gedra word of op spesifieke plekke gesit word. Dit beteken kragte wat toegeken word aan towerformules en tekste in godsdienstige boeke (mantras) (Ekodus 7:11). Dit sluit die volgende in: astrologie en horoskope (Jesaja 47:9-13). Towenaars maak aanspraak dat hulle bomenslike kragte besit (Handelinge 8:9; Handelinge 13:8; Handelinge 19:13,19; Openbaring 9:21; Openbaring 21:8). Geloof in magie is 'n vorm van afgodery.

(3) Verskillende vorme van ondeug m.b.t. stryd.

Vyandskap. (Grieks: echthrai) (Efesiërs 2:16).

Tweedrag. (Grieks: eris) (1 Timoteus 6:4; Titus 3:9).

Jaloesie. Die Griekse woord "zēlos" beteken 'n intense besitlike houding. Die jaloerse persoon wil altyd die naaste aan sy held wees en indien moontlik sy held besit. Die woord word dikwels verbind met rusie.

Woede. Die Griekse woord "thumoi" beteken uitbarstings van woede en raserny, veral wanneer 'n mens gekeer word om sy doel te bereik.

Gekonkel. Die Griekse woord "eritheia" beteken 'n selfgerigte strewe na een of ander posisie deur oneerlike middele soos byvoorbeeld in die geheim stemme werf vir jou standpunt of in die openbaar beloftes maak wat jy nie van plan is om te hou nie. Dit gebeur in die politiek, maar helaas ook in die gemeente (Filippense 1:17; Filippense 2:3).

Onenigheid. Die Griekse woord "dichostasiai" beteken tweedrag skep en partyskappe vorm. Die woord word in verband gebring met valse leraars (Romeine 16:17).

Partyskappe. Die Griekse woord "hairésis" (vergeluk Engels: heresy) beteken partyskappe, groepe of sektes vorm (1 Korintiërs 11:18-19) en word later geassosieer met mense wat vreemde leerstellings of selfs valse leerstellings verkondig.

Afguns. Die Griekse woord "fthonoi" beteken misnoeë met die sien van wat jy nie besit nie, terwyl jaloesie die vrees dat jy kan verloor wat jy besit, beteken. Deur afguns is Abel vermoor, is Josef in 'n put gegooi en het Korag teen sy geestelike leier gerebelleer. Deur afguns is Dawid deur koning Saul vervolgd, is die jonger broer deur die ouer broer

verag in die gelykenis van die verlore seun en is Jesus Christus gekruisig. Egte liefde is nie afgunstig nie (1 Korintiërs 13:4).

(4) Verskillende vorme van ondeug m.b.t. uitspattighede.

Brassery. Die Griekse woord “methai” beteken dronkenskap of drinkpartytjies. Die Bybel beskou verslawing aan alkohol as ’n sonde en nie net as ’n siekte nie. Waar persoonlike verantwoordelikheid en plig eenkant toe geskuif word om aan die ondeug van uitspattigheid toe te gee of die verantwoordelikhede geïgnoreer word of die uitspattigheid goedgepraat word, gaan ’n beskawing uiteindelik te gronde.

Drinkpartytjies. Die Griekse woord kómoi” beteken uitbundige feeste met oorgawe aan uitspattighede, joligheid en gesuip. Oorspronklik was dit ’n feestelike optog met brandende fakkels deur die strate, vollike gesing en ’n banket ter ere van die god Bacchus of Dionysus, die god van wyn. Die feesgangers het baie vleis geëet, baie wyn gedrink en baie lawaai gemaak. Baie Christene het aan sulke feeste deelgeneem voordat hulle Christene geword het.

(5) ’n Ernstige waarskuwing.

Die apostel Paulus waarsku dat mense wat so leef die Koninkryk van God nie sal beërwe nie. Die opmerking van hulle teenstanders, “Laat ons die verkeerde doen sodat die goeie daaruit kan voortkom?” (Romeine 3:8; Romeine 6:1), is natuurlik ’n leuen! Terwyl niemand die Koninkryk van God kan ingaan deur godsdienstige dade of goeie werke nie, sal niemand die Koninkryk van God kan ingaan deur hierdie bouse praktyke nie. ’n Christen moet al hierdie werke van die duisternis vaarwel toeroep. As hy dit nie doen nie bewys hy dat hy nog nie in die lig wandel nie (Johannes 3:19-21; 1 Korintiërs 6:11; Efesiërs 5:7-12).

5:22-23

Vraag 6. Wat is duidelike aanduidings dat die Heilige Gees jou beheer?

Aantekeninge. Die volgende is manifestasies van die wedergebore lewe wat deur die Heilige Gees beheer word.

(1) Die vrug van die Gees bestaan uit geestelike kenmerke.

Liefde. Dit is die belangrikste christelike deug. Die Griekse woord “agapé” beteken die selfopofferende liefde van God in Christus vir verlore mense en die liefde van Christene onderling soos gedefinieer in 1 Korintiërs 13:1-8. Dit is die liefde van God wat die drie natuurlike liefdes van mense (te wete: geneentheid, vriendskap en seksuele liefde)¹⁶ volkome maak. Dit maak die geneentheid van ouers tot kinders en familieleden onderling volmaak. Dit vervolmaak die vriendskap tussen vriende. En dit maak die liggaamlike liefde tussen ’n man en sy vrou volmaak. Vergelyk Bybelstudie van handleiding 2, les 14.

Vreugde. Die Griekse woord “chara” beteken vreugde of blydskap. Christene vind vreugde daarin om te wandel op die pad wat God se gebooie aandui (Psalm 119:35). Christene kan selfs blydskap ervaar te midde van verdrukking, vervolging en moeilikhede, omdat alles vir Christene ten goede meewerk (Romeine 8:28).

Vrede. Die Griekse woord “eirené” beteken enersyds die afwesigheid van oorlog, gevegte, rusies, irritasie en vrees en andersyds: die aanwesigheid van God se krag om mense te genees en gebrokenheid heel te maak.

(2) Die vrug van die Gees bestaan uit sosiale kenmerke.

Geduld. Die Griekse woord “makrothumia” beteken: geduld in verhouding tot mense wat jou treiter, teenwerk of molesteer. Geduld weier om in woede uit te bars. Geduld kan lank wag en die lyding of kwetsing deur ander mense verdra.

Vriendelikheid. Die Griekse woord “chrestotés” beteken vriendelikheid, sagmoedigheid of sagtheid veral teenoor vroue (Lukas 13:10-13), kinders (Lukas 18:15-17) en sondaars (Lukas 23:34).

Goedheid. Die Griekse woord “agathosuné” beteken uitmuntend op morele en geestelike vlak, opregtheid (Efesiërs 5:9) en vygwigheid (Galasiërs 5:22).

(3) Dis vrug van die Gees bestaan uit deugde in drie verhoudings.

Trou. Het Griekse woord “pistis” beteken geloof, maar hier eerder getrouheid of lojaliteit, veral teenoor God.

Sagmoedigheid. Die Griekse woord “prautés” beteken bedagsaamheid (weldeurdag), aandagtig (hoflik) en samoedige onderworpenheid.

Selfbeheersing. Die Griekse woord: engkrateia” beteken “krag van binne-af besit”, selfbeheersing veral op die gebied van seks; hy kan sy hartstogte en begeertes onder bedwang kan hou.

¹⁶ Grieks: alleen agapé maak, storgé, filia en erós volkome!

5:23

Vraag 7. Wat beteken dit dat daar geen wet teen die vrug van die Gees is nie?

Aantekeninge. Terwyl die wet sig duidelik rig teen die sonde in vers 19 tot 21, is daar geen wet teen die sosiale, morele en geestelike deugde wat die Heilige Gees in die Christen tot stand bring nie. “Wette” verbied bepaalde sake, maar daar bestaan geen wet teen die vrug van die Gees nie. Met hierdie uitspraak spoor die apostel Paulus Christene aan om deur die dra van die vrug (deugde) van die Gees (verse 22-23), die ondeugde (werke) van die sondige natuur (die vlees)(vers 19-21) uit te wis.

Maar Christene moet hulle nie die hele tyd besig hou met ondeugde om dit uit te wis nie. Hulle moet hulle bewustelik rig op deugde wat die Heilige Gees in hulle tot stand bring. Dit kan hulle doen deurdat hulle hul deur die Heilige Gees laat lei (vers 16,18) en die rigting te volg wat die Heilige Gees vir hulle wys (vers 25). Christene vestig nie hulle aandag op sonde en die dinge van die sondige wêreld nie, maar op Jesus Christus en die geestelike werklikhede van die hemel (Romeine 7:25; Kolossense 3:1-4). Hulle rig hulle daarop om lief te hê omdat die liefde alles wat positief is in die wet saamvat (Galasiërs 5:14).

STAP 4. DOEN.

TOEPASSINGS

Oordink. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou saam 'n dinkskrum en maak 'n kort lysie van moontlike toepassings uit Galasiërs 5:13-26.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY TOT 'N PERSOONLIKE TOEPASSING MAAK?

Skryf neer. As jy 'n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudienotaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie?

(Let wel daarop dat hoewel 'n waarheid dieselfde bly, daar 'n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid moontlik is. Hier volg 'n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Galasiërs 5:13-26.

- 5:13. Onthou dat God jou nie geroep het om 'n slaaf van die sondige natuur te bly nie, maar om vry te wees om lief te hê en andere te dien.
- 5:15. Moenie vergeet dat 'n gebrek aan liefde net aanleiding gee tot oorlog en vernietiging nie.
- 5:16. Jy kan net jou sondige natuur se neiging oorwin en beheer deur onder die beheer van die Heilige Gees te lewe
- 5:17. Moet nooit vergeet dat die Heilige Gees altyd gekant is teen die manifestasies van die sondige natuur!
- 5:24. 'n Ware Christen het sy sondige natuur met sy sondige neigings en begeertes aan die kruis vasgespyker.

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Galasiërs 5:13-26.

Hoewel ek die geestelike stryd en konflik tussen my sondige natuur en die Heilige Gees in my nie gemaklik vind nie, verbly ek my in die feit dat die Heilige Gees in my woon en werk! Daarom wil ek met die Heilige Gees saamwerk en in gelid met sy leiding voort beweeg.

Hoewel ek van die manifestasies van my sondige natuur (die vlees) moet ontslae raak, moet ek my bewustelik rig op die werk van die Heilige Gees in my en aandag gee aan die dra van die vrug van die Gees. Ek kan dit die beste doen deur God en ander mense lief te hê en te dien.

STAP 5. BID.

REAKSIE

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Galasiërs 5:13-26.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinnetjies te bid. Elkeen in die groep sal verskillende dinge bid.)

5	GEBED (8 minute)	[VOORBIDDING] BID VIR ANDERE
---	------------------	---------------------------------

As daar tyd is gaan voort met gebed in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute) [OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
---	--

Deel die voorbereiding vir die volgende geleentheid uit of laat die groep dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die Bybelstudie oor die vrug van die Gees in die wêreld met iemand anders of met 'n klein groepie.
2. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk op 'n keer uit Prediker 1, 2, 3 en 4. Maak gebruik van jou gekose Bybelvers- of gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge,.
3. Memorisering. Oordink en leer uit jou kop uit. (5) Dissipels maak. Matteus 28:18-20. Repeteer elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
4. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God gaan doen (Psalm 5:4).
5. Hou jou notboek op datum. Hierdie week oor stiltetyd, memorisering, Bybelstudie en hierdie opdrag.